

253

VORSTER PROKUREURS
Posbus 6227 PAARL 7622

Opgestel deur my,

TRANSPORTBESORGER
VILJOEN W C

RECEIVED	DATE	BY
FOOT	50,00	
FEE		

5/3	AW
-----	----

T	16783	98
---	-------	----

TRANSPORTAKTE

SY DIT KENNELIK AAN ALMAL WIE DIT MAG AANGAAN

Dat WIETS CORNELIUS VILJOEN

verskyn het voor my, Registrateur van Aktes te KAAPSTAD, Hy die gesegde
Komparant synde daartoe behoorlik gemagtig deur 'n volmag geteken te
BEAUFORT WES

op die 12de dag van JANUARIE 1998

aan hom verleen deur DIE EKSEKUTEUR IN DIE

BOEDEL WYLE JACOBUS JOHANNES BOTHMA

No. 10584/96

welke volmag, geteken in die teenwoordigheid van getuie ooreenkomstig die
Wet, my hede getoon is;

NADEMAAL in terme van 'n Testament gedateer 22 JULIE 1992 van die Oorledene wie afgesterwe het op 21 SEPTEMBER 1996, wie getroud was binne gemeenskap van goedere met MARTHA MAGDALENA BOTHMA, Identiteitsnommer 280704 0064 00 4, is die hierin genoemde eiendom bemaak aan die Transportnemer/s;

NOU DERHALWE sedeer en Transporteer die Komparent in sy voornoemde hoedanigheid hiermee in volkome en vrye eiendom aan en ten gunste van

BOTHMA SONS FARMING CC
CK97/26788/23

sy opvolgers in titel of regverkrygendes

GEDEELTE 1 (REINAARDSKRAAL) van die plaas KAFFIRS KRAAL Nr. 380;
Geleë in die Afdeling van BEAUFORT WES,
PROVINSIE WES-KAAP

GROOT 1225,1059 (EEN DUISEND TWEE HONDERD VYF EN TWINTIG KOMMA
EEN NUL VYF NEGE) HEKTAAR

AANVANKLIK oorgedra kragtens Akte van Transport 4284/1938 met Kaart No.
1967/1935 daarby aangeheg en gehou kragtens Akte van Transport 14148/1953;

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Akte van Transport
No. 4284/1938:

1. wat betref die gedeelte van die grond toegeken aan Robert Carr (Beaufort West Erfpagte Boek 6 No. 32) en P.J. Swanepoel (Beaufort West Erfpagte Boek 6 No. 29) op 15de April 1841, onderhewig aan sulke pligte en regulasies soos neergelê was of in die toekoms neergelê mag word met betrekking tot grond toegeken onder soortgelyke eiendomsregte;
2. die hele eiendom hierby getransporteer verder onderhewig aan die voorbehoud ten gunste van die Staat van regte tot myne van goud, silwer en edelgesteentes, melding waarvan gemaak word in Seksie 4 van die Proklamasie van Sir John Cradock gedateer 6de Augustus 1813;

B. ONDERHEWIG aan die voorbehoud van 'n persoonlike serwituut van lewenslange vruggebruik kragtens die bepaling van die bogemelde testament ten gunste van

MARTHA MAGDALENA BOTHMA
Identiteitsnommer 280704 0064 00 4
Ongetroud



Weshalwe die Komparant afstand doen van al die regte en titel wat die TRANSPORTGEWER BOEDEL voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken dat die TRANSPORTGEWER BOEDEL geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie, en dat kragtens hierdie akte, bogenoemde TRANSPORTNEMER, Hulle Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die Regte van die Staat; en ten slotte erken hy dat die hele Koopsom die bedrag van R125 000,00 (EEN HONDERD VYF EN TWINTIG DUISEND RAND) bedra, wat ten volle betaal of verseker is.

Ten Bewyse waarvan ek, die genoemde Registrateur, tesame met die Komparant, hierdie Akte onderteken en dit met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN en verly op die Kantoor van die Registrateur van Aktes,
te KAAPSTAD op 27 Februarie 1978


q.q. sy Prinsipaal/ale

In my teenwoordigheid,


REGISTRATEUR VAN AKTES.